

BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR DEUR DR PHILIP THEUNISSEN

KONTRAKTE

Alle boere moet die een of ander tyd 'n ooreenkoms met 'n party buite sy boerdery aangaan. Hoewel so 'n ooreenkoms ook mondelings aangegaan kan word, word dit meestal in die vorm van 'n formele kontrak vasgestel. 'n Kontrak is 'n rekord en 'n bekendmaking van die intensies en voornemens van twee of meer partye tot mekaar. Die kontrak weerspieel die wedersydse aanvaarding van die voorwaardes tot die ooreenkoms. Die belangrikste aspek is dus die wedersydse ooreenkoms, hetsy dit 'n kredietverlenings-, huur-, werknemers- of graanleweringskontrak is. 'n Kontrak is ook 'n ooreenkoms tussen twee of meer persone, met sekere vereistes, wat deur die reg afgedwing word. Daarom moet dit aan die volgende vereistes voldoen:

- Daar moet 'n ernstige bedoeling wees om 'n kontrak te sluit;
- Daar moet wilsooreenstemming tussen die partye wees om 'n kontrak aan te gaan;
- Die partye moet handelingsbevoeg wees;
- Daar hoef nie noodwendig sekere formaliteite te wees nie;
- Dit moet wetlik uitvoerbaar en moontlik wees;

'n Grondige begrip van kontrakte is dus 'n vereiste vir die bevoegdheid om 'n boerdery te kan bestuur.

Ernstige bedoeling

Die bedoeling van die partye is van die allergrootste belang om 'n kontrak tot stand te bring. As daar nie 'n bedoeling tussen beide partye is om wel 'n ooreenkoms te sluit nie, kan daar nie 'n kontrak tot stand kom nie. 'n Ooreenkoms wat dus in 'n grap bedoel was, weerspieel nie 'n ernstige bedoeling nie en bring nie 'n afdwingbare kontrak tot stand nie.

Wilsooreenstemming

Daar kan ook slegs 'n kontrak ter sprake wees indien die partye die bedoeling het om teenoor mekaar verbind te wees. Om ooreenstemming te bereik, moet die partye met mekaar onderhandel en hulle bedoelings teenoor mekaar bekend maak. Wilsooreenstemming is die hoeksteen van 'n kontrak en beteken dat die partye konsensus oor die voorwaardes daarvan bereik het.

Wilsooreenstemming kan uitdruklik verklaar word. Dit beteken dat die partye die bepalinge mondelings teenoor mekaar bekend maak en dit waarskynlik ook skriftelik aanteken. Daar kan egter ook stilswyende wilsooreenstemming wees waar die bepalinge nie bekend gemaak word nie maar terselfdertyd gee die partye ook nie te kenne dat hulle teen enige bepalinge is nie. Wanneer 'n bod byvoorbeeld op 'n veiling op 'n boer toegeslaan word kan hy die bod aanvaar deur byvoorbeeld niks te doen nie. Indien hy nie die bod aanvaar nie kan hy sy stilswyende verbreek en hom daarteen uitspreek.

'n Ooreenkoms kom tot stand wanneer een party 'n voorstel aan 'n ander maak. So 'n ooreenkoms kan dan uitdruklik aanvaar word, waar die partye uitdruklik sê of skryf dat hy die voorstel aanvaar of hy kan ook stil bly wat 'n aanduiding kan wees dat hy nie die voorstel verwerp nie.

Al verander omstandighede later, geld die wilsooreestemming op die tydstip toe die kontrak gesluit is, tensy die ooreenkoms aan veranderende omstandighede gekoppel is. As 'n graanhandelaar en 'n boer op 'n sekere tydstip oor graanpryse ooreen kom, kan die boer nie later sy wilsooreestemming verander omdat pryse daarna gestyg het nie, mits so iets in die kontrak voorsien was. Die geldigheid van wilsooreestemming kan slegs deur onregmatighede soos wanvoorstellings, vreesaanjaging of onbehoorlike beïnvloeding gerepudieer word.

Handelingsbevoeg

Slegs persone met die nodige bevoegdheid mag kontrakte sluit. Normaalweg het persone handelingsbevoegdheid en kan hulle vrylik kontrakte aangaan. Sommige persone se bevoegdheid word egter deur die wet beperk terwyl ander persone volkome onbevoeg is om ooreenkomste te mag sluit. Volkome bevoegde persone is meerjarige mans, meerjarige ongetroude vroue, meerjarige vroue wat buite gemeenskap van goedere getroud is, meerjarige vroue wat na November 1984 binne gemeenskap van goedere getroud is en dan ook regspersone (truts, BK's maatskappye).

Persone met beperkte bevoegdheid moet deur 'n volkome bevoegde persoon bygestaan word waneer hulle 'n kontrak aangaan. Dit is minderjarige kinders (jonger as 21 jaar), getroude vrouens binne gemeenskap van goedere wat voor November 1984 getroud is en persone wat as verkwisters verklaar is. Volkome onbevoegde persone sluit in kranksinniges, persone wat onder die invloed van drank is en kinders jonger as 7 jaar.

Kontrakte wat deur persone met beperkte bevoegdheid aangegaan word kan later deur byvoorbeeld die ouer of voog wat hulle moes bystaan bekragtig of geratifiseer word. Kontrakte wat deur volkome onbevoegde persone aangegaan word is uit die staanspoor nie geldig nie en kan nie later bekragtig word nie.

Formaliteite

Soos reeds genoem, hoef kontrakte nie altyd aan 'n klomp formaliteite te voldoen om geldig te wees nie. Indien die aanbod en aanname duidelik gekommunikeer word sodat al die partye seker is oor die terme van hulle kontrak, het 'n ooreenkoms tussen hulle tot stand gekom. Om dispute te beperk is dit egter beter om 'n kontrak op skrif te stel, dat dit in die teenwoordigheid van 'n notaris en getuies aangegaan word en dat die kontrak geregistreer word.

Wetlik uitvoerbaar en moontlik

'n Kontrak is geoorloof wanneer dit in oorstemming met die land se statute en gemenerereg gesluit word. Die sluit van 'n kontrak om 'n misdad te pleeg is nietig omdat die prestasie wat gelewer moet word ongeoorloof is. Enkele voorbeelde van ongeoorloofde kontrakte is:

- Diensooreenkomste tussen 'n werkgewer en werknemer wat in stryd is met die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes;
- Ooreenkomste wat persone verbied om in die huwelik te tree;
- 'n Kontrak met 'n staatsamptenaar waarin hy onderneem om sy invloed te gebruik om 'n voordeel vir 'n ander te beding;
- 'n Kontrakmoord.

Die uitvoering van 'n kontrak moet uiteraard ook moontlik wees. Die algemene reël is dat indien prestasie onmoontlik is, is die kontrak nietig. 'n Kontrak kan byvoorbeeld nie bepaal dat die plaas aan die seun oorgedra sal word wanneer hy swanger raak nie.

Geldigheid

Die meeste kontrakte het 'n tydsverloop tot gevolg. Daar word nou 'n ooreenkoms gesluit vir 'n prestasie wat in die toekoms gelewer gaan word. Die graanhandelaar sluit by planttyd 'n ooreenkoms vir 'n hoeveelheid graan wat ses maande later teen 'n vasgestelde prys gelewer gaan word. Dispute kom gewoonlik voor wanneer omstandighede oor die verloop van die tydsduur verander en dan is daar nie meer ooreenstemming met wat regtig in die kontrak bedoel was nie. Die volgende kan in die kontrak aangeteken word om misverstande te vermy:

- Identifiseer die betrokke partye baie duidelik;
- Gebruik volle name en ID- of maatskappynommers;
- Toon die adresse duidelik aan;
- Beskryf die goedere of dienste waaroor 'n kontrak gesluit word baie duidelik;
- Beskryf die vergoeding wat daaraan verbonde is duidelik;
- Beskryf tydsverlope en/of termyne duidelik.

Al die formaliteite en vereistes ten spyt sal daar steeds gevalle wees waar kontrakbreuk voorkom. In sulke gevalle is daar gewoonlik 'n party wat skade lei en dan kan die normale wetsprosesse in werking gestel word om skadevergoeding te eis.

BETHLEHEM
Februarie 2006